VOORBIDDING:

Wêreld: Andorra, Italië, Malta, Portugal, San Marino en Spanje. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur. Onrus in Zimbabwe.

RSA & Dorp: Regering en regerende instansies - kabinet, provinsiale regering en die stadsraad. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Brande en brandslagoffers in die Wes-Kaap en droogtegeteisterde gebiede in die Wes-Kaap asook die hele land.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Geseënde sewe-weke-preekreeks. Christo en Ina Dippenaar - hulle dogter, Christelle en haar man, Gabriel, se dogtertjie Aliyah is baie siek - Krabbe disease. Kom ons dra hulle in ons gebede.

Meegevoel: 'n Woord van meegevoel met Dirk van Niekerk wie se suster oorlede is.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Bernard de Kock (Berghlaan), Cecil Ekron (Blenheim), Philip Robinson (Repens), Nelia Swanepoel (Nicolaas Cleef) en Fanus van Zyl (Compacta).

Huisgeloof-uitdaging Ons Huisgeloof-stukkies is in die 7 weke-boekie beskikbaar onder "Familiebyeenkoms Tuis/ Familiegroepe". 'n Elektroniese weergawe van hierdie bladsy sowel as ekstra voorstelle is elke week op die webwerf beskikbaar. Dit is kosbare tye om as familie geloofstories te deel en tyd saam te spandeer! Neem hierdie uitdaging aan en doen as familie ten minste een keer per week saam huisgeloof.

Die Canticum Novum-koor hou weer oudisies op 5, 6 en 12 Feb. Stuur 'n e-pos aan canticumnovumstb@gmail.com om meer uit te vind. Dié koor oefen Wo om 18:00 tot 21:00.

GROENgedagte #123 Die "Earth Charter" is hierdie kwartaal ons fokus in die Groen Gedagte. Maar wat help dit alles? Ons moet self elkeen verantwoordelikheid neem om ekologies volhoubaar te leef en kan dit dan met uitvoerbare planne begin doen. Dit begin as jy nie ligte onnodig laat brand nie, so min as moontlik water gebruik, loop of fietsry indien moontlik en te let op wat jy eet en drink. Waarin goed verpak is wat jy koop en hoe jou herwinningshouer opweeg teenoor jou vullisblik, is ook belangrik. Lees wat sê die "Earth Charter" voorts: **The Challenges Ahead:** The choice is ours: form a global partnership to care for Earth and one another or risk the destruction of ourselves and the diversity of life. Fundamental changes are needed in our values, institutions, and ways of living. We must realize that when basic needs have been met, human development is primarily about being more, not having more. We have the knowledge and technology to provide for all and to reduce our impacts on the environment. The emergence of a global civil society is creating new opportunities to build a democratic and humane world. Our environmental, economic, political, social, and spiritual challenges are interconnected, and together we can forge inclusive solutions. **Wees deel van die oplossing!**

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 3 Februarie 2019

Vierde Sondag ná Epifanie

Tema	Geskenk? Genadegawes binne God se kerk
Teks	1 Petrus 4: 7 - 11
Prediker	Nadia Marais
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategese
10:30	Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (Leeskamer)
18:00	Jeugdiens: Bring jy jou puzzle-stukkie vir die Koninkryk?
18:00	Diens by Bonheur

Jaartema: Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

Tienerkamp 2019!

Oor minder as 'n maand is ons Tienerkamp vir 2019!!! Alle en enige Graad 8 tot 12's is welkom – nie net tieners betrokke by ons gemeente nie! Maak seker jou kind weet hiervan en is ingeskryf voor 15 Februarie om nie uit te mis nie!

Vorms sal Sondagaand by die Jeugdiens beskikbaar wees, maar is ook op die webwerf (www.stelwel.co.za). Kontak Elzanne vir meer inligting (074 144 9226 / elzanne@stelwel.co.za). Die kamp vind plaas by Mizpah.

Teken in op ons E-Nuusbrief. Gaan na www.stelwel.co.za, kies "kontak ons" en volg die stappe.

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. **Kom geniet gerus 'n koppie tee en lekker koffie in die leeskamer.**

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 4/2 tot Sondag 10/2

Ma 4/2		Universiteit begin Laaste dag vir doopaanmelding vir Maart
Di 5/2	10:00 17:30	Bybelstudie (Bonheur) Wyksrade vergader B-Aksievergadering (komiteekamer)
Wo 6/2	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	**Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom. **Marktafel en Teetuin**
So 10/2	09:30 09:30 10:30 10:30 18:00	**Erediens**: Leon Cronje (**Belydenisaflegging**) **Biddag vir Opvoeding en Onderwys** Kleuterkerk en junior kategese Tee en koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer Kerkbiblioteek ná die erediens in die vierkant Jeugdiens in die kerksaal

Die deuroffer vandag gaan aan Ramot: Ramot is 'n behandelingsentrum vir alkohol- en ander dwelmverslawing en bestaan reeds vir 45 jaar. Gedurende hierdie tyd het meer as 160 000 mense met 'n verslawingsprobleem direk of indirek hulp ontvang. Alkohol bly steeds die grootste probleem. Verslawing beteken om oorgegee te wees aan 'n mag buite jouself met rampspoedige gevolge. Verslaafdes is om verstaanbare redes nie welkom in die samelewing nie. Help Ramot asseblief om Christus se hande en voete te wees vir die verslaafde. Elke pasiënt ontvang intensiewe persoonlike aandag. Bid asseblief vir genade en wysheid om meer mense te help teen bekostigbare pryse.
021 939 2033 | admin@ramot.co.za | www.ramot.co.za

Die deuroffer verlede week aan Alta du Toit-skool was
R2 400-00. Baie dankie!
Volgende week se deuroffer gaan aan Badisa.

Betaal met SNAPSCAN
(onthou om Deuroffer as verwysing in te tik.)

Klub Sonder Brieke skop af op 21 Februarie

Let asseblief daarop dat die datum van die vrugtefees verander na 21 Februarie.
Tyd: 11:00 vir 11:30 **Plek:** Kerksaal
Koste: GRATIS!!
Gee jou naam op by die kerkkantooor voor/op 15 Februarie.
Moenie hierdie lekker saamkuiergeleentheid misloop nie!

Herwinningspapier
vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Skoon glasflessies vir konfyt is altyd welkom.

Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.

For it is in giving that we receive. *Francis of Assisi*

ONS KANTOORURE: Ma: 09:00 - 13:00 & Di - Vr: 08:00 - 13:00

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Geloofsgroei: Genooi om te volg

Hierdie tema wil ons help om Jesus beter te leer ken. Onthou egter dat lees net 'n begin is, want ons leer Jesus werklik ken deur Hom te volg. Hy nooi ons dan ook om agter Hom aan te kom en neem ons stap vir stap deur die lewe. Dikwels lei Jesus anders as wat ons verwag; telkens neem Hy ons waar ons nie wil wees nie. Dis 'n waagstuk om ja te sê vir Jesus. **Almal is welkom om die Geloofsgroei byeenkomste op Woensdae om 09:00 of 19:00 in die konsistorie by te woon. Monty Sahd is die aanbieder in die eerste kwartaal.**

Ons Barmhartigheidstema vir Februarie is mense wat 'n stryd voer teen middel-afhanklikheid.

Ons gemeente samel elke maand iets in wat by die tema pas. **Hierdie maand samel ons toiletware in vir mense wat vir behandeling moet gaan.**

Sit jou bydrae op die B-Aksie se tafel of in die mandjies by die deure of bring asb na die kerkkantoor.

Ons deuroffers sluit aan by hierdie tema en gaan in Februarie aan Ramot, Badisa, ABBA en Straatwerk.

Indien jy as dienswerker nie by al jou mense in die wyk kon uitkom om die almanakke uit te deel nie, bring asb die origes na die kerkkantoor. Dit blyk 'n gesogte item in ons gemeente se huishoudings te wees!

Koinonia Hierdie week 'n verhaal van 'n gesin wat dit regkry om eenheid ten spyte van diversiteit te handhaaf. Dit begin by die beplanning van 'n gesinsvakansie. Rondom die tafel sit Pa, Ma en 3 kinders. Elkeen kry 'n beurt om te sê wat hulle graag wil doen. Kleinste wil akwarium toe gaan. Middelkind wil graag in die bos gaan fietsry. Oudste wil die nuutste aksiefliek gaan kyk. Ma hou van geskenkies uitdeel en het 'n plan om koekies te bak en by die ouetehuis te gaan uitdeel. Pa wil graag Tafelberg uitklim en die dag bo-op die berg spandeer. 5 verskillende mense in een gesin en elkeen se behoefte is belangrik en word geag, want onmiddellik word die plan opgestel sodat elkeen in die gesin se wens vervul kan word. As kerkgesin maak ons ook so ruimte vir mekaar. Rondom die tafel van die Here breek ons brood saam en besef ons ons hoort bymekaar. Soms doen ek iets of woon ek iets by wat nie heeltemal my voorkeur is nie. Dan ontwikkel daar juis ware koinonia aangesien ons genoeg vir mekaar omgee om MYSELF op die agtergrond te skuif en dit nie nodig is dat MY behoeftes altyd bevredig moet word nie. In die gemeente [kerk] gaan dit oor ONS.

Uitdaging: Dink hoe die voorbeeld van die gesin meer en meer in ons gemeente tot uitdrukking kan kom en wat dit van jou persoonlik gaan vra.